

# NOOD HULP



Wenke vir

beseerde kinders en baba's



deur  
Marina Basson




# Kinders is spesiaal!



- Kinders verstaan nie as jy vir hulle vra wat verkeerd is nie
- Vind die pyn deur te kyk waar die handjies druk of vashou
- Soek vir oorsake van die ongeluk in die omgewing
- Kyk of die klere gevlek, geskeur is, of skerp reuke het.
- Moenie vra of dit seer is nie, hulle sê altyd “JA” al is dit nie.
- Druk op die area en kyk vir ‘n pyn reaksie
- Buk af tot hulle oog hoogte
- Verduidelik wat jy gaan doen
- Moenie skree of kwaad wees met hulle nie
- Moet nooit ‘n kind straf omdat hy seergekry het nie
- Kinders moet onmiddelik veilig en beskerm voel.





# Bewusteloosheid

Bewusteloosheid beteken die spiere is tydelik verlam en kan nie beweeg nie. Daar is niks fout met die brein nie, hulle is **nie dood nie**.

Die kind lewe want:

1. Hulle haal asem
2. Hulle het 'n pols



Hulle kan nog steeds hoor, voel pyn en is vreesbevange.  
Hulle het beskerming nodig.  
Draai hulle op hulle sy en hou warm met 'n kombersie.

# Maak die lugweg oop

Wanneer mens bewusteloos raak verslap die tong en verstop die lugweg agter in die keel. Dit gebeur net as hulle op die rug lê. Die kop moet agteroor gebuig word sodat die tong oplig.



Vir 'n baba onder een jaar oud, moet die kop net effens agteroor gelig word.

## a) Kyk vir asemhaling:

- Borskas beweging, luister vir geluide, voel met jou oor vir uitaseming  
**vir 5 sekondes**